




Dialog

Graad 3

Wat is 'n dialoog?

- Dit is 'n gesprek tussen twee persone.
Soms noem ons dit 'n tweegesprek.
- Jy skryf die woorde wat die persone sê neer.
- Jy kan 'n dialoog as 'n opvoering gebruik.
- 'n Dialoog is 'n opwindende storie, iets moet gebeur.
Dit is nie net 'n gepraat nie.



Hoe word 'n dialoog geskryf?

Kantlyn

Pieter: Hallo daar, Anja. Waar loop jy vandag
XXXX rond? Wil jy saam met my speel?

Anja: Hi daar, Pieter. Ek is oppad huis toe. My
XXXX ma wil hê ek moet haar gaan help huis skoonmaak,
XXXX maar ek is regtig nie lus nie.

Pieter: Ag, kom saam met my dan gaan speel ons
XXXX by die ou spookhuis daar onder in die dorp.

Anja: Ek weet darem nie Pieter, hulle sê daar
XXXX gebeur vreemde dinge. Dit klink tog beter as
XXXX om te help huis skoonmaak.

Pieter en Anja stap vinnig in die straat af tot onder in die dorp
by die spookhuis.

Skryf die eerste persoon se
naam teen die kantlyn en
daarna 'n dubbelpunt.

Skryf nou wat Pieter sê en
onthou, jy mag nooit onder sy
naam skryf nie.

Laat nou eers 'n reël oop en
skryf dan die volgende persoon
se naam en wat sy sê

Jy mag ook gewone sinne
tussen-in skryf om te sê wat
die persone doen.

Skryf

- Lees die dialoog op die vorige skyfie weer goed deur en skryf die res van die storie in die vorm van 'n dialoog.
- Onthou wat jy alles geleer het oor die manier wat ons die dialoog moet skryf.
- Jy moet elke persoon ten minste nog drie keer laat praat. Onthou daar mag meer as een sin wees elke keer as die persoon praat.



Ek kan nie wag om al die kreatiewe stories te lees nie.
Lekker skryf.

